Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BAHons Drama en Filmkunde (01240483)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	120
Kontak	Dr ML Taub myer.taub@up.ac.za

Toelatingsvereistes

- ’n Toepaslike BA-graad met ? finale gemiddelde punt van minstens 65% in die derde studiejaar – insluitende modules in Drama- en Filmkunde (DFK) aan die Universiteit van Pretoria of
- ’n Gelykstaande graad van enige ander tersiêre instelling.
- Die departementshoof mag ’n student wat minder as 65% behaal het na goeddunke toelaat, met inagneming van sodanige student se vorige studie of professionele ervaring. In dergelike gevalle kan studente versoek word om ’n toelatingseksamen af te lê ten einde vir toelating te kwalifiseer.

Ander programspesifieke inligting

Die aanbieding van modules is afhanklik van beskikbare fondse, toepaslike/beskikbare personeel en indien studentegetalle dit regverdig.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Uitgebreide navorsingsverslag 771 (DFK 771)

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module konsolideer en brei uit op teoretiese en metodologiese optrede-paradigmas waarmee op voorgraadse vlak kennis gemaak is, ten einde die student in staat te stel om navorsingsvoorlegging te ontwikkel. Aan die hand van voortgesette proses van dialoog met die fasiliteerder doen die student navorsing en skryf oorspronklike, omvattende navorsingsverslag wat voldoen aan die vereistes vir gepubliseerde artikel.

Optredestudies 702 (DRA 702)

Modulekrediete	45.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module ondersoek die teoretiese en praktiese komponente van verskillende benaderings tot optrede in geselekteerde teater- en mediakontekste. Die module ondersoek gehoor/akteurverhoudings met die doel om aanvaarde modelle te bevraagteken, ten einde innoverende maniere te bevorder waarop optredes gekonseptualiseer en aangebied kan word.

Toegepaste drama en teater 704 (DRA 704)

Modulekrediete	45.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 ander kontak per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud
Hierdie module ontwikkel strategieë om drama en teater te gebruik as medium vir intervensie binne opvoedkundige en gemeenskapskontekste. Die aanwending van drama om inligting oor te dra, as middel om verandering te bewerkstellig, vir bewusmaking en vir sosiale bemagtiging word ondersoek. Bestaande pedagogiese en metodologiese benaderings word ondersoek en innoverende benaderings tot intervensie-optredes word aangemoedig.

Digitale media en optrede 710 (DRA 710)

Modulekrediete	45.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Nuwe en digitale media ondersoek digitale filmskepping, rekenaarmedia en die internet in verhouding tot optrede en kultuur. Klem word geplaas op digitale filmproduksie en redigering, met sekondêre fokus op verspreiding en vertoning.

Uitvoerendekunstebestuur 709 (DRA 709)

Modulekrediete	45.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module verken uitvoerende kunstebestuur binne plaaslike kontekste, ontwikkel strategieë om optredes te definieer, te posisioneer en te prys, om bemarkingstrategieë te formuleer en om benaderings tot die ontwerp en bestuur van mark-effektiewe organisasies te bied. Die module sluit ook professionele en ontwikkelingsbenaderings tot bemarking en bestuur in.

Regie en teaterskepping 703 (DRA 703)

Modulekrediete	45.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud
Hierdie module kontekstualiseer en ondersoek die rol van die regisseur in kontemporêre teater. Hierdie ondersoek sluit kritiese ontleding in van die bydrae van geselekteerde regisseurs tot teater en bied geleentheid vir studente om hul eie teoretiese en praktiese benadering tot regie te ontwikkel.

Bewegingsteater 705 (DRA 705)

Modulekrediete	45.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

In hierdie module word geselekteerde pedagogiese benaderinge ondersoek wat verband hou met bewegingsopleiding en choreografie. Studente teoretiseer maniere waarop bewegingsoptredes gekonstrueer, gelees en aangebied kan word, ten einde hulle werk te kontekstualiseer binne bestaande paradigmas en om diskoers rondom hulle eie kreatiewe werk te bevorder.

Toneelskryf en draaiboekskryf 774 (DFK 774)

Modulekrediete	45.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie vierledige module het betrekking op die konstruksie van visuele narratief. Outobiografiese skryfkuns: Hierdie deel van die module ontwikkel kreatiewe skryfvaardighede deur die verkenning en weergee van persoonlike narratiewe. Die student ondersoek ook die beginsels van literêre teorie. Verhoogtekste: In hierdie deel maak die student kennis met beginsels van struktuur, verhaling, intrige, dialoog en karakterontwikkeling. Die student raak vertroud met die formaat en konvensies van die verhoogdrama, asook die taal van drama en optrede. Die student sal minstens een teks vir die verhoog skryf. Skryf vir televisie: Studente raak vertroud met die driebedryf-struktuur, storie, narratief, inhoud, intrige en genre (soos sepies en situasie-komedie). Van studente word verwag om voorbeeld te skryf van draaiboek vir reeds bestaande televisieprogram ("show script"), asook oorspronklike televisieteks. Skryf vir film: Die module stel die student bekend aan die taal en teorie van film. Studente sal na films kyk, draaiboeke lees en hulle eie kort filmteks skryf. Die module sluit ook die formaliteite in van die draaiboek, soos teksformaat en aanbieding ("pitching").

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word..

Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.